# HOOFSTUK 5

# DIE STUKKIES VAN MY LEWE HULLE LÊ DEURMEKAAR ...

## SEKSUELE MISHANDELING

## AGTERGROND VAN HIERDIE HOOFSTUK

Baie kinders word seksueel mishandel deur dié mense vir wie hulle lief is en wat hulle vertrou. Dit lei tot langtermyn psigologiese trauma wat nie net hul eie lewe affekteer nie, maar ook 'n invloed het op die lewe van die volgende generasie (Cawood, 2002: 1-2*).

Alhoewel bogenoemde stelling slegs ten dele waar is, moet seksuele mishandeling binne die konteks van 'n verskeidenheid van faktore beskou word. Seksuele mishandeling hoef nie oor mense se lewens geskryf te staan en hulle te doem tot 'n lewe van verskriklike lyding waaraan en waarin hulle niks kan verander nie.

Die voorkoms van seksuele molestering in Suid-Afrika is hoog. Dit kan vir die adolessent, geraak deur seksuele mishandeling, net soos met enige ander trauma die risiko van psigiatriese siektes verhoog wat langtermyngevolge inhou vir die samelewing as geheel. Gedurende 2000 is meer as 8 000 kinders onder die ouderdom van 12 jaar seksueel mishandel in Suid-Afrika (Louw, 2001: 4).

Na aanleiding hiervan sal daar in hierdie hoofstuk gekyk word na die volgende:

1. Wat word gereken as seksuele mishandeling te wees?
2. Wie is die oortreders?
3. Watter mites word oor die algemeen geglo oor seksuele mishandeling?
4. Watter sosiale faktore kan 'n bydrae lewer tot seksuele mishandeling?
5. Wat is die impak van seksuele mishandeling op die lewe van 'n slagoffer?

## 5.1 INLEIDING

In die vroegste werke van Sigmund Freud het hy tot die slotsom gekom dat verdronge gedagtes van bloedskande ten grondslag lê van die neuroses van baie van sy pasiënte. Hy koppel seksuele mishandeling en die toestand 'histerie' met mekaar. Freud se kollegas het egter van hom verskil en was die mening toegedaan dat dít wat pasiënte dikwels rapporteer as seksuele mishandeling eerder die seksuele fantasieë is wat hulle tydens hul kinderjare represseer het. Freud het hierdie gedagte tot so 'n mate aanvaar dat hy dit vervang het met die Oedipus-teorie (Russel, 1986: 4-6). As gevolg van Freud se aanvaarding van sy kollegas se standpunte en die wysiging van sy teorie wat daarop gevolg het, is verslae oor mishandeling dikwels afgewys as fantasieë en wanneer seksuele mishandeling onweerlegbaar bewys is, is dit afgemaak dat die kind dit toegelaat of uitgelok het. Tot 'n sekere mate bestaan hierdie aanname tot vandag toe (Alic, 2002:1-2*). Later bevestig Sandor Ferenczi egter die betrokkenheid van seksuele mishandeling tydens kinderjare by psigologiese versteurings.

Gedurende die 1940's en 1950's het Alfred Kinsey en sy medewerkers begin om die invloed van seksuele mishandeling tydens die kinderjare te dokumenteer. Kinsey maak egter die aantygings van die pasiënte dat seksuele mishandeling traumaties is af as onbelangrik en is van mening dat dit eerder preutse ouers en onderwysers is wat hierdie histerie by kinders aanwakker (Herman, 1981: 16-18). Dit was eers in die sewentigerjare dat die invloed en betekenis van seksuele mishandeling na waarde geskat is (Pate, 1997:1*). Diana Russel het meer as 900 vroue in San Francisco volgens 'n willekeurige steekproefneming ondervra en bevind dat 38% deelnemers aan die steekproef seksueel mishandel is voor die ouderdom van 18 jaar (Crewdson, 1988: 25). Alhoewel haar metodologie nie bo verdenking was nie, kon dié studie nie geïgnoreer word nie. Bud Lewis van die Los Angeles Times onderneem in Julie 1985 'n studie om die omvang van seksuele mishandeling vas te stel. Die steekproef sluit 2 627 mans en vroue uit verskillende state in. Die resultate toon dat 27% vroue en 16% mans tydens hul kinderjare seksueel mishandel is (Crewdson, 1988: 27-28).

**Seksuele mishandeling is 'n misdaad.** Dit maak nie saak in watter vorm dit plaasvind nie, dit het **'n** invloed op die individu se lewe. In hierdie studie sal daar onder andere gepoog word om te bepaal of sekere vorme van seksuele mishandeling minder

impakteer op die lewens van slagoffers as ander vorme van seksuele mishandeling; of seksuele mishandeling in die verskillende kultuurgroepe anders ervaar word en of daar 'n verskil is in die belewing tussen onsedelike aanranding, molestering en verkragting. Eerstens moet aangedui word watter dade gereken word as seksuele mishandeling en tweedens moet die impak wat hierdie dade op die slagoffer kan hê, beskryf word.

Seksuele mishandeling word beskou as **enige seksuele daad wat op iemand afgeforseer word**. Verskeie definisies bestaan vir seksuele mishandeling (Alic, 2002:1*; Dolan, 1991: 1; Margolin, 1999: 3-4; Parrott, 1993: 47; Schechter & Roberge in Pearce & Pezzot-Pearce, 1997:4), maar samevattend kom dit op die volgende neer:

- die seksuele ervaring of blootstelling geskied tussen 'n kind en 'n ouer kind, 'n adolessent of volwassene **vir die gratifikasie van die ouer persoon**;
- die **kind beskik nie oor dieselfde mag** as die ouer persoon nie en is dus nie in 'n posisie om te weier nie; en
- die **kind kon nie toestemming verleen** tot die daad nie omdat die kind minderjarig is.

## 5.2 WAT IS SEKSUELE MISHANDELING?

Seksuele mishandeling is die sambreelterm wat gebruik word vir verskeie tipes van gedwonge of ontoepaslike seksuele aktiwiteite. Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie sluit dit dan by name die volgende in soos saamgevat uit die werke van Kaplan, *et al.* (2001: 1-2*); Kubetin en Mallory (2002: 29) en Lewis (1994:5-6):

- **Onsedelike aanranding** sluit situasies in waar daar seksuele kontak met of sonder penetrasie is wat plaasvind met fisiese geweld of psigologiese dwang. Dit sluit in:
    - die aanraking van 'n individu se privaatdele of die intensionele aanraking van die individu se klere wat daardie dele bedek;
    - uitermatige kielie gepaardgaande met fisieke dwang;
    - gemeenskap, orale seks of sodomie met 'n kind of volwassene sonder die individu se toestemming;
    - dwang of manipulasie deur die oortreder dat 'n kind masturbasie of enige ander seksuele aktiwiteit moet waarneem; en
    - die individu dwing tot godsdienstige aktiwiteite wat seks insluit.

- **Molestering** word gebruik in gevalle wanneer daar **nie penetrasie** plaasgevind het nie maar die aktiwiteite nogtans plaasgevind het tussen 'n kind of 'n adolessent en 'n volwassene. Aktiwiteite sluit die volgende in:
  - betasting of liefkosing;
  - 'n kind oopmond soen;
  - blootstelling van 'n kind aan seksuele materiaal;
  - blootstelling van genitalieë aan 'n persoon wat nie in staat is om toestemming te gee nie;
  - blootstelling aan seksuele grappe – tergery of grafiese seksuele beskrywings aan 'n kind of volwassene, byvoorbeeld 'n gestremde, wat nie toestemming kan gee nie;
  - blootstelling van 'n kind aan herhaaldelike aanmerkings oor die kind se ontwikkelende liggaam;
  - weiering om 'n kind privaatheid te gee tydens badtyd of aan- en uittrektyd;
  - skelname van 'n seksuele aard, bv. om die kind 'n 'slet' of 'n 'hoer' te noem;
  - 'n kaal persoon dophou sonder toestemming;
  - sonder toestemming video-opnames maak van mense wat seks het; en
  - betasting en troeteling van genitalieë, borste of oraal-genitalieë-kontak.

- **Verkragting** word vanuit 'n regs- en kliniese perspektief geag as **geforseerde seksuele geslagsgemeenskap wat plaasgevind het as gevolg van fisiese geweld of psigologiese dwang**. Verkragting impliseer vaginale, anale of mondelinge penetrasie deur die oortreder. Hierdie term sluit ook insidente in waar vreemde voorwerpe gebruik is vir penetrasie of gevalle waar die slagoffer nie toestemming kon gee nie as gevolg van 'n ontwikkelingsgestremdheid of bedwelming.
  - Wanneer die slagoffer en oortreder mekaar ken en verkragting plaasvind, word die volgende terme gebruik:
    - ***acquaintance rape*** en
    - **afspraak- of geleentheidsverkragting** (*date rape*) – laasgenoemde waar die slagoffer deur die oortreder uitgeneem word vir 'n sosiale geleentheid en dan verkrag word.
  - **Bendeverkragting** is wanneer meer as een man 'n vrou verkrag.

- **Poging tot verkragting** is wanneer die persoon verhoed word om die daad te voltrek as gevolg daarvan dat hy deur iemand verhinder word of wanneer die persoon haarself of homself só teensit, dat die daad nie uitgevoer kan word nie.
- **Statutêre verkragting** behels seksuele penetrasie deur 'n **persoon wat 18 jaar en ouer is met 'n minderjarige persoon**. Statutêre verkragtingswetgewing word gebaseer op sterkte daarvan dat 'n minderjarige nie wetlik toestemming tot seksuele gemeenskap kan gee nie. Hierdie ouderdomsperk wissel van land tot land.

Seksuele mishandeling hoef nie noodwendig fisiese kontak te behels nie. By kinders en adolessente begin dit meestal met nie-kontak tipes van misbruik wat die emosionele en sielkundige grense van die slagoffer oorskry. Hierdie tipe misbruik laat die slagoffers gewoonlik ongemaklik voel, maar hulle beskik nie in hierdie ontwikkelingstadium oor die nodige hanteringsvaardighede nie.

Seksuele mishandeling skep vir slagoffers 'n gevoel van verleentheid en veroorsaak dikwels dat dit verswyg en nie aangemeld word nie. Die navorser voel dat sy met reg hierna kan verwys as die **stille epidemie**.

## 5.3 DIE STILLE EPIDEMIE

Seksuele mishandeling word gewoonlik afgeforseer deur 'n persoon wat 'n mags- of gesagsposisie misbruik. As gevolg hiervan word persone, veral kinders, slagoffers van onsedelike aanranding. Ten tyde van hierdie studie het die meeste volwasse slagoffers (90%) wat by die navorser se praktyk aangemeld het, nooit die saak by die polisie aangemeld nie. Dit het by die navorser die vraag laat ontstaan hoe betroubaar statistiek is wat aangebied word oor dié onderwerp en of dit 'n stille epidemie is wat meestal doodgeswyg word.

Seksuele mishandeling word dikwels verswyg as gevolg van vrees en skaamte. Slagoffers vrees: die ondervraging, dat die oortreder wraak kan neem, dat hulle nie geglo sal word nie, dat huidige verhoudings mag skipbreuk ly as gevolg van die gebeure, dat die oortreder moontlik tronk toe kan gaan, dat hulle moontlik uitgestoot en verwerp kan word en dan alleen sal wees en dat andere moontlik mag dink dat húlle dit uitgelok het (Stone,

2001: 2*). Openbaarmaking van onsedelike aanranding en molestering ontlok dikwels 'n gesinskrisis en word aangedui as een van die belangrikste redes oor hoekom slagoffers gekies het om nie die oortreding aan te meld nie (Leder, 2001:2*).

Stone (2001:2*) wys daarop dat alhoewel misdaadstatistiek in die algemeen oor die afgelope paar jaar afgeneem het in die Verenigde State van Amerika, dáár ook 'n toename in die voorkoms van verkragtings en seksuele mishandeling was. Leder (2001: 2*) sluit hierby aan en wys daarop dat gedurende 1996 ongeveer 90 000 aanmeldings gemaak is en dat dit oor alle sosiale en ekonomiese klasse heen gestrek het. Die ware voorkomssyfer van seksuele mishandeling is volgens Leder onbekend, maar die skrywer wys daarop dat 61% van die aanmeldings meisies onder die ouderdom van 18 jaar is en dat manlike slagoffers 5% uitmaak van die aangemelde syfers.

Hopper (2002: 1*) wys op die volgende met betrekking tot 'n aantal ander lande:

- In Kanada blyk dit dat geen nasionale statistiek ten opsigte van seksuele misdrywe teen kinders beskikbaar is nie vanweë die feit dat definisies van sodanige misbruik varieer binne die verskillende provinsies en gebiede.
- In Australië en Engeland word data met betrekking tot oortredings teen kinders in verskillende kategorieë ingedeel en as gevolg van oorvleueling is dit nié moontlik om ooreenstemmende statistiese gegewens te verkry wat in hierdie studie bruikbaar is nie.

Dit laat die vraag ontstaan: Wat is die situasie in Suid-Afrika?

## 5.4 INSIDENSIE VAN SEKSUELE MISHANDELING IN SUID-AFRIKA

Geen onlangse statistiek kon bekom word ten opsigte van seksuele mishandeling in Suid-Afrika nie, vanweë die huidige ooreenkoms tot stilswye aangaande geweld teen kinders (Cawood, 2002: 1-2*).

Die volgende statistiek rakende seksuele mishandeling **by kinders onder die ouderdom van 18 jaar** is wel bekom:

- Elke 25 minute word daar 'n kind in Suid-Afrika seksueel mishandel (Kinderbeskermingseenheid, SAPD, 1999: 1*).
- Vir die tydperk Julie 1998 tot Julie 1999 was die aangemelde gevalle vir onsedelike aanranding soos volg:

**Tabel 5.1** Aangemelde gevalle van seksuele mishandeling vir die tydperk vanaf Julie 1998 tot Julie 1999

| **AANGEMELDE GEVALLE** | |
|---|---|
| Seksuele mishandeling (algemeen) | 22 917 |
| Verkragting | 17 503 |

(bron: Kinderbeskermingseenheid, SAPD, 1999)

- Vir die tydperke 1994, 1998 en 2000 was die aangemelde gevalle soos volg:

**Tabel 5.2** Aangemelde gevalle van seksuele mishandeling vir die tydperke 1994, 1998 en 2000

| **AANGEMELDE GEVALLE** | |
|---|---|
| Kinderverkragting 1994 | 7 559 |
| Kinderverkragting 1998 | 15 732 |
| Kinderverkragting en poging tot verkragting 2000** | 21 438 |
| Seksuele mishandeling in die algemeen gedurende 1998 | 204 000 |

(bron: Kinderbeskermingseenheid, SAPD, 1999; **Beeld, 2001: 4)

- Een uit elke drie dogters en een uit elke vyf seuns sal voor die ouderdom van 18 jaar seksueel misbruik word (Cawood, 2002: 1-2*; Terblanche, 2002:1*).
- Die werklike statistiek is nog steeds nie beskikbaar nie, omdat die meeste gevalle nie aangemeld word nie (Terblanche, 2002:1*).
- In 85% tot 90% gevalle ken die kind die oortreder (Cawood, 2002: 1-2*; Terblanche, 2002:1*).

Uit bogenoemde inligting kan daar afgelei word dat die aangemelde gevalle vir verkragting binne ses jaar feitlik verdriedubbel het. Die navorser is van mening dat dié syfer onbetroubaar is, aangesien die meeste gevalle van seksuele mishandeling nog steeds nie aangemeld word nie. Een van die hoofredes wat deur slagoffers verstrek word

oor hoekom die misdaad nie aangemeld is nie, is vrees vir die oortreder en oor die gesinsontwrigting wat dit mag meebring. Seksuele mishandeling **is** 'n magspel waarin die oortreder mag het oor die slagoffer en dit misbruik.

## 5.5 WIE IS DIE OORTREDER?

Op die gebied van seksuele mishandeling kan oortreders in twee groepe verdeel word, naamlik molesteerders en verkragters. Molesteerders is in die meeste gevalle van mishandeling aan die slagoffer bekend. Terblanche (2002:1*) wys daarop dat die term vreemdeling-gevaar (*stranger danger*) mense mislei. Statistiek wat verskaf word, meld dat 85% tot 90% slagoffers die oortreder geken het – 21% van hierdie syfer was die kind se biologiese vader. Die kanse is drie keer groter dat 'n kind gemolesteer sal word deur 'n bekende as deur 'n vreemdeling; 50% van kinderslagoffers word in hul eie tuiste of in die tuiste van die oortreder gemolesteer.

**Molesteerders** is dikwels **persone** wat **in 'n spesifieke versorgings-, vertrouens- en gesagsposisie** gestel is. Die volgende is voorbeelde hiervan:

- moeders, vaders en stiefvaders (Vermeulen, 2001: 5; Washington Crime News Services, 1996:1);
- pleegouers (Kendrick, 1994:1*);
- personeel van dagsorginrigtings (Moore, 1995:1*);
- skoolhoofde, onderwysers en koshuispersoneel (Prins, 2001:10; Prins, 2001: 4; Van Niekerk, 2001: 1);
- hoofde van godsdienstige instellings en beraders (Carstens, 2001: 16; Nieuwenhuizen, 2001: 4; Van Niekerk, 2001: 14);
- sportafrigters (Zaichkowsky, 2000: 1-3*);
- dokters (pediaters) (Gill, 2001: 1-2*); en
- polisiebeamptes (Watts, 2001:1*).

Die volgende inligting oor oortreders word deur *Prevention and Motivation Programs* (2002:2*) verskaf:

- 29% oortreders is naasbestaandes, terwyl 60% oortreders kennisse is en slegs 11% vreemdelinge;

- die kanse dat 'n oortreder gevang kan word, is 3% en minder as 15% van hierdie 3% oortreders word gearresteer, skuldig bevind en gestraf;
- 80% vaders is self as kinders gemolesteer, maar het dit nooit gerapporteer nie;
- 49% van die oortreders wat meisies binne die gesin molesteer, doen dit ook met meisies buite die gesin;
- van die oortreders wat seuns binne die gesin molesteer, molesteer 61% ook meisies buite die gesin en 68% molesteer ook ander seuns buite die gesin;
- molestering binne die gesin is selde 'n eenmalige geleentheid – die gemiddelde duur van 'n molesteringsverhouding is drie jaar;
- ouers wat kinders molesteer, het ook hul kinders lief, maar stel hul eie intimiteitsbehoeftes bo die behoeftes van die kind – dit gebeur dikwels tydens krisistye in die oortreder se lewe en waar die grense binne die gesin onduidelik of in gevaar is, byvoorbeeld met 'n egskeiding; waar die vader weg van die huis af werk; met afdanking; ensovoorts;
- 60% – 80% volwasse oortreders het reeds as adolessente begin om andere te misbruik;
- verkragters wat skuldig bevind is en gevangenisstraf moes uitdien, het 'n gemiddeld van 65 slagoffers in hul leeftyd gehad – 80% verkragters is self as kind seksueel mishandel;
- die gemiddelde pedofiel het 244 - 300+ slagoffers in sy leeftyd – 42% pedofiele begin met seksuele oortredings voor die ouderdom van 12 jaar;
- 75% van alle oortreders begin met seksuele oortredings voor die ouderdom van 13 jaar; en
- heteroseksuele mans hou 'n groter risiko in om seuns **en** meisies te molesteer as homoseksuele mans.

**Verkragters** daarenteen, is persone wat dikwels **onbekend** is aan die slagoffer en wat met **brute krag** hulself op die slagoffer **forseer**. Die huidige adjunk-minister van Justisie, me. Cheryl Gillwald, het na verkragting verwys as 'n daad van geweld deur magtiges teen magteloses (Lackay, 2001:2*).

Alhoewel daar oor die laaste vyf jaar baie meer mediadekking aan seksuele mishandeling gegee is as ooit tevore, bestaan daar nog steeds baie mites daaroor, soos byvoorbeeld dat kinders gewoonlik deur onbekendes gemolesteer word. Vervolgens sal nóg mites met feite vervang word.

## 5.6 SEKSUELE MISHANDELING: MITES VERSUS FEITE

Onkunde en wanopvattings rakende seksuele mishandeling en veral molestering dra dikwels daartoe by dat die effek en impak van die verskynsel geminimaliseer word. Die volgende is van die vernaamste wanopvattings wat bestaan:

**Tabel 5.3** Die mites en feite van seksuele mishandeling

| | MITES | FEITE |
|---|---|---|
| 1. | Seksuele mishandeling is 'n rare verskynsel. | 1 uit elke 3 meisies en 1 uit elke 5 seuns word seksueel mishandel voor die ouderdom van 18. |
| 2. | Mishandeling vind slegs plaas in die laer sosio-ekonomiese klasse van die samelewing asook in afgeleë gebiede. | Mishandeling vind plaas deur alle sosio-ekonomiese gemeenskappe heen en vind plaas in stedelike sowel as afgeleë gebiede. |
| 3. | Daar is 'n universele, kruiskulturele taboe teen seksuele mishandeling wat die voorkoms daarvan verminder. | Die taboe is eerder gemik teen praat oor die verskynsel as teen die pleeg van die daad. |
| 4. | Slegs jong meisies is slagoffers van seksuele mishandeling. | Jong seuns is ook 'n teiken vir seksuele eksploitasie. |
| 5. | Vrouens is net so dikwels oortreders as mans – dit word net nie gerapporteer nie. | 95% van alle oortreders is manlik. |
| 6. | Manlike oortreders kan geklassifiseer word as psigoties of versteurd. | Manlike oortreders word selde as geestelik versteurd of psigoties geklassifiseer. |
| 7. | Dit is slegs homoseksuele mans wat seuns misbruik. | Seksuele misbruik van jong seuns word meer dikwels gepleeg deur heteroseksuele mans as homoseksuele mans. |
| 8. | Jong kinders vertel leuens oor seksuele misbruik. | Jong kinders het nie eksplisiete seksuele kennis wat hulle bemagtig om oor seks detail te verskaf nie, behalwe indien hulle 'n persoonlike ervaring gehad het. |
| 9. | Kinders is uitlokkend en verleidelik. | Kinders mag vir 'n volwassene sensueel voorkom. Uitlokking en verleiding is volwasse interpretasie van gedrag wat op kinders geplaas word. |
| 10. | Kinders sal altyd negatiewe gedrag teenoor die oortreder openbaar. | Kinders mag ambivalente gevoelens teenoor die oortreder hê en sal selde negatiewe gevoelens teenoor die oortreder koester wanneer dit 'n familielid is. |
| 11. | Moeders is nie bewus van die misbruik nie. | 60% moeders is wel bewus van die misbruik wat plaasvind. |
| 12. | Seksuele misbruik wat nie-gewelddadig was nie, is nie skadelik nie. | Dit is nie die geweld nie, maar die duur van die verhouding, die vertroue in die verhouding, die ouderdom van die kind en die dreigemente waaronder die mishandeling plaasgevind het, wat die skade bepaal. |
| 13. | Mans verkrag vroue omdat hulle nie hul seksuele wellus kan beheer nie. | Verkragting is 'n daad van aggressie en mag en nie van seksuele behoefte nie. |
| 14. | Verkragters is meestal vreemdelinge. | Soveel as 50% verkragters ken hul slagoffers voor die tyd. |
| 15. | Vroue moedig verkragting aan. | Verkragting is 'n lewensbedreigende ervaring wat dikwels die gebruik van 'n wapen insluit. Verkragting is altyd die verlies aan beheer by die oortreder. |
| 16. | Vroue geniet verkragting. | Verkragting het niks te doen met seksuele bevrediging nie. Dit is 'n geweldsmisdaad en bedreig die vrou fisies en emosioneel. |
| 17. | Daar is 'n regte manier om te reageer op verkragting. | Reaksie op verkragting verskil van persoon tot persoon. 'n Verkragtingslagoffer reageer volgens eie instink. |
| 18. | Indien 'n vrou nie terugbaklei nie, kan daar nie gesê word dat sy verkrag is nie. | 'n Vrou mag só vreesbevange wees dat sy nie kan terugbaklei nie. Gemeenskap sonder die vrou se toestemming is verkragting. |
| 19. | Indien 'n vrou nie verkragting rapporteer nie is sy mede-verantwoordelik vir die verkragter se verdere misdade. | Niemand behalwe die verkragter self is verantwoordelik vir verkragting nie. |
| 20. | Verkragting vind gewoonlik plaas in die arm werkersklas gebiede. | Verkragting vind orals plaas. |

(1-12 is vertaal en aangepas uit *Childline*, 2001:1*; 13-20 is vertaal en aangepas uit Lewis, 1994:13)

Insidensiesyfers genoem in Tabel 5.3 moet gelees word teen die aantal gevalle wat by *Childline* aangemeld is gedurende die tydperk 1 April 1998 en 31 Maart 1999. Talle ander studies bevestig ook hierdie voorkomssyfer van seksuele mishandeling wat wêreldwyd voorkom (Hopper, 2001: 5-7*; Leder, 2001: 2*; *Prevention & Motivation Programs*, 2002: 1-2*).

'n Feit is dat seksuele mishandeling en by name molestering die misbruik is van mag oor 'n kind en 'n skending van die kind se reg tot normale ontwikkeling asook die kind se reg tot gesonde verhoudings wat ingebed is in vertroue. Kinders is altyd in 'n posisie waarin hulleself geen aandeel het in die seksuele mishandeling nie. Dit laat die vraag ontstaan of daar sekere oorsaaklike faktore is wat kinders onder sekere omstandighede meer op risiko plaas om seksueel mishandel te word al dan nie. Slegs moontlike sosiale faktore wat kinders op risiko mag plaas, sal belig word. Geen psigologiese of sosiale faktore wat betrekking op die oortreder mag hê, sal bespreek word nie.

## 5.7 SOSIALE OORSAKE VAN SEKSUELE MISHANDELING

Die navorser is van mening dat dit eerder 'n kulminasie van faktore is wat kinders op risiko plaas as slegs een faktor. Dit is eerder sosiale faktore wat by die kind 'n rol speel saam met die psigologiese faktore van die oortreder wat **gesamentlik bydra** tot seksuele mishandeling. Vir die doel van hierdie studie word slegs die sosiale faktore wat 'n rol kan speel by seksuele mishandeling van die kind, belig. Hierdie faktore moet nie gesien word as 'n volledige lys nie, maar moet beskou word as dié wat die meeste in die literatuur voorkom en wat deur die navorser ten tyde van hierdie studie in praktyk ervaar is as moontlike oorsaaklike faktore.

### 5.7.1 ARMOEDE, PROSTITUSIE EN WERKLOOSHEID

Kinders in agtergeblewe gemeenskappe sal soms hul liggame in ruil gee teen vergoeding ten einde te kan eet om te kan oorleef (Kilbourn & McDermid, 1998: 216-219). In arm gemeenskappe raak meisies dikwels betrokke by prostitusie vir oorlewing. Ouers verkoop ook kinders en laat hulle glo dat hulle hul plig teenoor die gesin op dié manier nakom (Kilbourn & McDermid, 1998:55). Werkloosheid kan 'n predisponerende faktor wees

aangesien seksuele mishandeling meer geredelik voorkom in gesinne wat gebuk gaan onder stres. Werkloosheid is 'n stresfaktor in gesinne (MacFarlane in Russel, 1984: 265). Werkloosheid speel ook 'n belangrik rol by verkragting. In Suid-Afrika is die werkloosheidsyfer besonder hoog. Die samelewing verwag van die man om sterk, onafhanklik en die broodwinner te wees. Wanneer die man nie hieraan kan voldoen nie, beleef hy homself as 'n mislukking. Hierdie onvergenoegdheid groei en hy voel dikwels dat hy homself nie kan handhaaf teenoor sy vrou nie – veral indien sy in die huis in die rol van broodwinner ingeskuif het. Hy sal hierdie frustrasie dan uithaal teenoor iemand oor wie hy mag kan uitoefen (Lewis, 1994: 10-11).

### 5.7.2 DISFUNKSIONELE GESINNE EN ANDER GESINSFAKTORE

Kinders uit disfunksionele gesinne loop dikwels weg om te ontsnap aan die probleme en om avontuur te gaan soek. Wanneer die kind weier om terug te keer na die huis, raak oorlewing 'n ernstige probleem. Wanneer die behoefte aan basiese benodigdhede soos kos en slaapplek prominent begin raak, word prostitusie 'n groter realiteit en alternatief vir oorlewing (Gonsiorek, Bera & LeTourneau, 1994: 254-255). Kinders van disfunksionele gesinne loop ook 'n groter risiko om slagoffers van seksuele mishandeling te word, aangesien die ouers dikwels net gefokus is op hul eie probleme en oorlewing. Kendrick (1994:3*) wys op die interfamiliale faktore volgens Salter wat korreleer met seksuele mishandeling. Dit sluit die volgende in: sosiale isolasie, 'n onbevredigende huweliksverhouding, huweliksprobleme, rolomruiling, saamspanning tot seksuele mishandeling deur die moeder, passiwiteit, afhanklikheid, die moeder se geestesgesondheid of fisiese gesondheid wat nie na wense is nie, 'n moeder wat seks gebruik om die vader te 'straf' deur onthouding, die afwesige moeder, gesinsdisfunksie en alkoholisme. Oortreders sien só 'n kind as 'n maklike teiken en misbruik kan so redelik maklik begin (Kruger, 2002).

### 5.7.3 ALKOHOL- EN DWELMVERSLAWING

Persone wat alkohol- en substansafhanklikheid openbaar, is gewoonlik mense met finansiële en/of verhoudingsprobleme. Wanneer hierdie substanse gebruik word,

verminder dit hul inhibisies en is dit makliker om woede en frustrasie uit te druk in gedrag van geweld (Lewis, 1994: 11).

### 5.7.4 VERSTANDELIKE GESTREMDHEID

Volgens navorsing is die kanse vir persone met gestremdheid veel groter dat hulle blootgestel kan word aan 'n vorm van seksuele mishandeling (Sobsey & Doe, 1991: 243-259). Afhangende van die aard van die gestremdheid kan algemeen aanvaar word dat gestremde persone nie in staat is om hulself teen aanvalle van hierdie aard te verweer nie – enersyds as gevolg van 'n moontlike liggaamlike gestremdheid en andersyds 'n moontlike kognitiewe inkorting.

### 5.7.5 KULTUUR VAN GEWELD IN SUID-AFRIKA

Die term "kultuur van geweld" word gebruik om die hoë voorkoms van geweld in Suid-Afrika te beskryf. Geweld word deur baie burgers beskou as die 'enigste' manier tot effektiewe probleemoplossing. Hulle gebruik geweld, insluitend verkragting, om te kry wat hulle wil hê (Lewis, 1994: 11).

### 5.7.6 HIV/VIGS

Die huidige geloof onder 'n groot deel van die VIGS-bevolking dat 'n maagd genesing kan bring vir hul siekte, plaas **alle kinders** op risiko as moontlike kandidate om slagoffers te word (Human Resources Development in Asia and the Pacific, 2001: 1-2*). Smith (2001: 239) wys daarop dat gedurende werkswinkels wat in Suid-Afrika gehou is en wat seksuele gesondheid promoveer, 'n derde van die kursusgangers aangedui het dat hulle glo dat gemeenskap met 'n maagd genesing bring vir 'n man met HIV. In Suider-Afrika, wat aan die voorpunt staan in Afrika ten opsigte van die HIV/VIGS-pandemie, is daar 'n verkeerde persepsie by verskeie gemeenskappe dat die siekte deur heksery veroorsaak word. Hierdie gemeenskappe glo dat hulle met die siekte geïnfekteer is of deur jaloesie, vloek, nydigheid, wedywering, kompetisie of *bad eye* deur middel van heksery. Ten einde die siekte te bestry word daar gegryp na alle soorte suggesties en geneesmiddels. Een van

die metodes wat in Suider-Afrika aangewend word ten einde 'n kuur te vind vir HIV/VIGS is om mans of vrouens te besoek (waarskynlik waarsêers). Alhoewel irrasioneel en teenproduktief vir die ontwikkeling van Afrika, adviseer hierdie mans en vrouens gewoonlik dat die enigste kuur vir hierdie wydverspreide siektetoestand is geleë is in omgang met maagde van tien jaar oud. Gevolglik, in 'n poging om hierdie kuur te laat realiseer, is Suid-Afrikaanse mans by uitstek geneig om tieners te verkrag (Akosah-Sarpong, 2002: 1-2*).

### 5.7.7 SOSIALE ISOLASIE

Sosiale isolasie kan 'n **oorsaaklike** rol speel in verlengde **of 'n gevolg** wees van seksuele mishandeling. Sosiale isolasie kan omgewingsgeïnduseerd of self opgelê wees deur die oortreder of deur die gesin op hulself (Faller in Kendrick, 1994: 3*).

### 5.7.8 INTERNET

Internet seksverslawing lei dikwels daartoe dat oortreders hulself isoleer van 'n sosiale omgewing. Hulle raak betrokke by kinderpornografie op die Internet en tesame met hul seksverslawing kan dit daartoe lei dat planne gemaak word om die kind fisies te ontmoet wat dan kan lei tot seksuele mishandeling (Rosenberg & Associates, 2002: 1*).

### 5.7.9 RASSISME

Persone wat rassisme ervaar, ervaar magteloosheid en woede – dikwels omdat hulle self niks aan die situasie kan verander nie, maar ook omdat daar op hulle neergesien word. Hierdie gevoelens van frustrasie en hulpeloosheid word uitgewoed op persone wat swakker is as die oortreder self: vroue en kinders (Lewis, 1994: 11).

### 5.7.10 STRAATKINDERS

In Suid-Afrika, Guatemala, die Filippyne, Bangladesj, Kenia en letterlik in al die uithoeke van die wêreld loop straatkinders dieselfde risiko om seksueel mishandel te word. Ter wille van oorlewing het hierdie kinders selde keuses wat hulle kan uitoefen om hulself te beskerm teen seksuele uitbuiting (Promises Broken: 2002: 1-2*).

Kinders wat seksueel mishandel is, dra letsels met hul saam. Daar sal voorts gekyk word na die uitwerking wat seksuele mishandeling op slagoffers het.

## 5.8 DIE IMPAK VAN SEKSUELE MISHANDELING

Seksuele mishandeling is erger as die dood.
Die slagoffer is lewenslank geskend.
Gesteelde kinderjare.
Beskadig.
Vernietig.
(Hagen, 2001: 1*)

Al meer stemme gaan op téén hierdie uitsprake wat 'n etiket om 'n slagoffer se nek sit en wat 'n oordeel uitspreek dat 'alles eintlik vir goed verby is'. Tog is dit belangrik dat niemand iets kan terugeis, indien hulle nie weet wat hulle verloor het nie. Vanuit hierdie oogpunt is dit belangrik om te gaan kyk wat dit is wat slagoffers kon verloor het ten tye van seksuele mishandeling. Net soos in die geval van enige traumatiese gebeurtenis, laat seksuele mishandeling ook 'n letsel van die gebeure.

Navorsing het bevind dat die volgende die invloed van seksuele mishandeling bepaal op die lewe van die slagoffer:

- die ouderdom waarop die mishandeling plaasgevind het: hoe jonger die kind was, hoe groter kan die impak moontlik wees aangesien dit binne die konteks van die ontwikkelingsperiode beoordeel word;
- die oortreder se posisie wat hy beklee by die kind: die effek is gewoonlik groter wanneer dit die ouer, stiefvader of 'n vertroude familielid is teenoor dié van 'n vreemdeling;

- die reaksie van die persoon aan wie die kind die mishandeling gerapporteer het: ongeloof, ontkenning en beskuldigings is baie skadelike response – in sommige gevalle word dit erger geëvalueer en ervaar as die mishandeling op sigself;
- die tydsverloop wat die mishandeling geduur het: hoe langer die tydperk van mishandeling hoe groter blyk die skade te wees; en
- indien die blaam vir die mishandeling op die oortreder geplaas word en die oortreder aanvaar die verantwoordelikheid daarvan, is dit ook vir die slagoffer beter in dié sin dat die slagoffer voel dat geregtigheid geskied – veral ook indien die samelewing dit veroordeel en dit versterk word deur regspleging (Dolan, 1991: 2; Hopper, 2001: 1-20*; Margolin, 1999: 27; Roesler, 2000: 1-3*).

Die impak van seksuele mishandeling verskil egter van individu tot individu. Dit is belangrik om daarop te let dat die impak eerder op 'n **kombinasie van faktore** berus as 'n enkele een. Verskillende gevolge kom egter meer voor as ander. Moore (2002) wys daarop dat die langtermyngevolge in 'n groot mate dieselfde is vir alle slagoffers. Die onmiddellike impak van seksuele mishandeling op die slagoffer verskil egter van individu tot individu en word hoofsaaklik bepaal deur die ontwikkelingsfase waarbinne die slagoffer is asook die persoon se unieke psigologiese samestelling. Eers wanneer 'n kliënt en terapeut weet watter gevolge impakteer op die slagoffer se lewe kan dit hanteer word. Vanuit die narratiewe benadering word dit deur die **proses van eksternalisering** gedoen wat beteken dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen die persoon en die probleem. Die probleem word dus eerder belig in plaas van die persoon (Durrant & Kowalski in Durrant & White, 1992:87).

Die volgende is 'n uittreksel van moontlike gevolge soos deur slagoffers gerapporteer:

### 5.8.1 AANNAMES

Slagoffers is geneig om aannames te maak oor ander mense se bedoelings en oor dit wat hulle sê, sonder om die waarheid daarvan te korreleer. Dit veroorsaak dikwels dat hulle onttrek van betekenisvolle ander persone in hul lewe, omdat dié mense hulle ook mag probeer te ná kom (Kruger, 2002).

### 5.8.2 AFGESTOMPTHEID

Afgestomptheid word dikwels deur slagoffers ervaar. Slagoffers het geleer dat hulle nie oor enige mag beskik nie en hulle kon nie self iets doen om hul posisie te verbeter nie. 'n Aangeleerde hulpeloosheid tree in en hulle begin optree asof niks meer saak maak nie (Blume, 2001:2*; Human Resources Development in Asia and the Pacific, 2001: 1-2*; Lewis, 1994: 23-24; McGraw, 2000: 90).

### 5.8.3 AFHANKLIKHEID

Slagoffers kan maklik afhanklik raak van iemand indien hulle hul geheim gedeel het met dié persoon. Hulle bou hul lewe rondom daardie persoon tot so 'n mate dat die ander persoon die situasie as verstikkend kan beleef. Uit vrees vir verwerping sal die slagoffer dan enigiets doen om die guns van die ander persoon te bly behou en kom dikwels nie agter dat die ander persoon ongemaklik raak in die verhouding nie (Bass & Davis, 1997: 326; Blume, 2001: 2*; Human Resources Development in Asia and the Pacific, 2001: 1-2*; Kruger, 2002).

### 5.8.4 AGGRESSIE

'n Vrees vir ander persone se aggressie word dikwels 'n kenmerk in die lewens van slagoffers (Bryannan, 2001: 1-2*). Die slagoffer sal eerder toegee sodat die ander persoon nie met aggressie moet reageer nie.

### 5.8.5 BEDEKKING

Slagoffers probeer hulself dikwels bedek met baie klere, sodat niemand hulle kan sien nie. Selfs in die somer sal hulle baie klere en dikwels groot, fatsoenlose klere dra. Hulle probeer soms so onopsigtelik moontlik voorkom. Soms sal hulle ook weier om hul klere uit te trek wanneer hulle bad of swem. Hulle het dikwels ook 'n ekstreme behoefte aan privaatheid in die badkamer (Blume, 2001: 2*; Kruger, 2002).

### 5.8.6 DEPRESSIE

Slagoffers van seksuele mishandeling leef dikwels 'n lewe van in-en-uit depressie (Bryannan, 2001: 1-2*). Hul kanse om met depressie gediagnoseer te word is vier keer groter as by mense sonder hierdie geskiedenis (Washington Crime News Service, 1996:1). Seksuele mishandeling is 'n belangrike vroeë stressor wat individue mag predisponeer tot depressie (Weiss, Longhurst & Mazure, 1999: 816-828). Verskeie studies (Aborelius, *et al.*, 1999: 1-12; Roosa, 1999: 1-17*) bevestig die korrelasie tussen volwassenes se geestesgesondheidsprobleme, depressie en seksuele mishandeling. 'n Kruiskulturele studie bevestig dat vroue uit vier verskillende etniese groepe presenteer met depressie ná seksuele mishandeling. Daar word ook na depressie verwys as 'woede wat inwaarts gerig is' (sien ook 'woede' soos bespreek onder 5.8.49). Slagoffers sal ook soms eindeloos huil sonder enige werklike rede wat hul kan aanvoer (Blume, 2001: 2*; Lewis, 1994: 23).

### 5.8.7 DISSOSIASIE

Dissosiasie is 'n toestand waartydens slagoffers buite hul liggaam tree en dan 'optree' as 'n observeerder van hul gevoelens en ervarings. Dissosiasie is 'n toestand wat by seksueel mishandelde persone 'n aanvang neem ten tyde van die mishandeling in 'n poging om die self te beskerm (Smith, 2001: 146). Persone wat aan dié versteuring ly, kla dat hulle nie meer hegte bande met mense het nie en dat hulle nie meer aktiwiteite soos voorheen kan geniet nie (Louw, 1989: 145). Seksuele mishandeling en dissosiasie word betekenisvol met mekaar verbind, terwyl dieselfde korrelasie nie gevind word tussen dissosiasie en fisiese mishandeling nie (Kisiel & Lyons, 2001: 1034-1039). Die tipiese dissosiasies wat geassosieer word met slagoffers van seksuele mishandeling is: **depersonalisasie** (die gevoel om nie in jou eie liggaam te wees nie), **derealisasie** (die gevoel dat die omgewing rondom die persoon onwerklik is) en **buite-liggaamlike ervarings** ('n sensasie van diskonneksie met die liggaam soos om buite die liggaam te 'sweef'), algemene ontkoppeling van die persoon se omgewing waarin die persoon slegs 'n observeerder is en by geleentheid onverklaarbare geheueverliesepisodes waartydens gewone inligting vir die persoon ontoeganklik is. Selfs lank na die mishandeling kan slagoffers dissosiatiewe meganismes gebruik ten tye van stres (Blume, 2001: 2*; Dolan, 1991:10-11).

### 5.8.8 DISTANSIËRING

Distansiëring is 'n meer gekompliseerde vorm van geheueverlies. Slagoffers stoor soms onbewustelik hul herinneringe as gefragmenteerde stukke om hulself te beskerm teen 'n oorweldigende belewing wanneer die gebeure herroep word (Kubetin & Mallory, 2002:67).

### 5.8.9 DOBBELARY

Dobbelary is 'n manier van hoop dat die lewe skielik en dramaties kan verander. Dit is die wyse waarop slagoffers dikwels hulself uitleef en hoop dat hul geluk kan draai – dat daar geregtigheid kan kom: indien hulle gróót kan wen, kan hulle finaal kry wat hulle toekom (Bass & Davis, 1997: 50; Kruger, 2002).

### 5.8.10 EETSTOORNISSE

Alhoewel seksuele mishandeling op sigself nie eetstoornisse veroorsaak nie, is dit 'n sterk faktor in die ontwikkeling van eetstoornisse (Smith, 2001: 146). Courtois (in Dolan, 1991: 18); Wonderlich, Crosby, Mitchell, Roberts, Haseltine, Demuth en Thompson (2000: 1277-1283) en Lacey (1993: 190-194) wys daarop dat 'n geskiedenis van seksuele mishandeling dikwels geassosieer word met bulimie en 'n preokkupasie met liggaamsgewig. Daar is ook 'n sterk korrelasie met anoreksie. Eetstoornisse vererger tydens periodes van stres en gee aan die persoon weer 'n gevoel terug van 'ek-is-in-beheer' (Bass & Davis, 1997: 17; Bryannan, 2001: 1-2*; Lewis, 1994: 23; Petrie, 2001: 1*).

### 5.8.11 EKSTREMITEIT, OORREAKSIE EN WOEDE-UITBARSTINGS

Slagoffers se lewens word dikwels gekenmerk deur ekstreme gedrag en optredes. Voorbeelde van ekstreme gedrag en woede-uitbarstings is wanneer slagoffers hul eie kinders onnodig slaan, uitbars teenoor kollegas of ekstreme ergernis teenoor hul huweliksmaat oor onbenullige oortredings in die alledaagse lewe toon (Bass & Davis,

1997: 200). Oorreaksie op gebeure en ander se optrede met gepaardgaande woede-uitbarstings word algemeen ervaar (Bryannan, 2001: 1-2*; Human Resources Development in Asia and the Pacific, 2001: 1-2*). Sodanige gedrag en woedebuie is dikwels gerig teen persone wat eintlik onskuldig staan in die situasie. Sulke gedrag word meermale voorafgegaan deur gebeurlikhede in die hede maar is eweneens dikwels die manifestasie van 'n ou bestaande woede vanuit die persoon se kinderjare (Bass & Davis, 1997: 200).

### 5.8.12 GASTRO-INTESTINALE EN GINEKOLOGIESE PROBLEME

Slagoffers ondervind dikwels gastro-intestinale en ginekologiese probleme. Slagoffers kla ook dikwels dat hulle probleme ondervind om te sluk en dat hulle maklik verstik aan iets. Hulle toon ook 'n besondere aversie vir tandartse en ginekoloë (Blume, 2001: 2*, Kruger, 2002).

### 5.8.13 GEHEIMSINNIGHEID

Slagoffers is geneig om geheimsinnig op te tree en dit skep van die meeste probleme in hul verhoudings. Die betekenisvolle ander persone in hul lewe voel dan dat die slagoffer besig is met iets onwettigs. In teenstelling hiermee mag die ander persone in die slagoffer se lewe geen eie geheime hê nie en dring slagoffers dikwels daarop aan om álles van dié persone te weet (Kruger, 2002).

### 5.8.14 GESEKSUALISEERDE INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

Volgens Margolin (1999:94) kan slagoffers ook ontoepaslike geseksualiseerde gedrag openbaar in nie-seksuele situasies (byvoorbeeld flirtasie met die werkgewer en suggestiewe aanmerkings en gedrag). 'n Onvermoë tot gesonde interaksies met ander mense en kennis oor die bestuur van interpersoonlike verhoudings word dikwels deur slagoffers geopenbaar (Kruger, 2002).

### 5.8.15 GEVOELENS VAN BOOSHEID

Slagoffers rapporteer dat hulle voel of iets wat boos is van hulle besit geneem het en of hulle van die bose is. Hulle reageer dan oormatig omdat hulle boos 'voel'. Slagoffers wat hulself tot godsdiens gewend het vir 'n oplossing, sal dikwels vra of hulle moet gaan vir 'bevryding' van die bose (Kruger, 2002).

### 5.8.16 GODSDIENSTIGHEID

Baie slagoffers raak godsdienstig in die hoop dat hulle aan die pyn kan ontsnap. Andere wend hulle dikwels tot godsdiens, omdat daar definitiewe reëls en grense is wat vir hulle veiligheid skep. Vir baie slagoffers is godsdiens 'n anker – dit help hulle om te bly glo dat dit die een of ander tyd beter sal begin gaan met hulle, omdat 'n wonderwerk in hul lewe kan gebeur (Kruger, 2002). Slagoffers wat godsdiens 'n anker gemaak het in hul lewe, sukkel egter soms met die konsep van vergifnis – vergifnis vir hulself, maar ook vergifnis vir die oortreder en andere (Bass & Davis, 1997: 52). Slagoffers stoei ook met vrae soos: 'Waarom ek? Hoe kon God toelaat dat dit met my gebeur?' Hulle neig om God as 'n medepligtige te beskou (Kilbourn & McDermid, 1998: 146-148).

### 5.8.17 HOMOSEKSUELE NEIGINGS

Gedurende die adolessente jare, wanneer die seksuele identiteit gevorm word, is persone vatbaar vir suggestie. Wanneer seksuele mishandeling dan plaasvind, laat dit die slagoffer met die vraag oor homoseksualiteit versus heteroseksualiteit. Verwarring word gereeld gevind tussen seksuele oriëntasie en seksuele gedrag (Gonsiorek, Bera & LeTourneau, 1994: 14-15). Volgens Bass & Davis (1997: 268) is dit waar dat seksueel mishandelde vrouens dikwels seksueel en emosioneel identifiseer met ander vroue, omdat hulle deur mans misbruik is.

### 5.8.18 IDENTITEITSVERSTEURING

Identiteitsversteuring is 'n multikonsepkonstruk wat individue met 'n grensgraadpersoonlikheidsversteuring onderskei van ander individue (American Psychiatric Association (DSM IV), 1994: 280). Sekere van die komponente van 'n grensgraadpersoonlikheidsversteuring word verbind met 'n geskiedenis van seksuele mishandeling. Die vier faktore (Wilkinson-Ryan & Westen, 2000: 528-541) wat geïdentifiseer is vir 'n identiteitsversteuring is: **rolabsorpsie** (individue definieer hulself in terme van één rol of oorsaak); **pynlike onsamehorigheid** ('n subjektiewe belewing van 'n gebrek aan kohesie deurdat die individue voel hul behoort nêrens); **inkonsekwensie** ('n objektiewe onsamehangendheid wat denke, gevoelens en gedrag insluit) en 'n **gebrek aan toevertrouing** (ten opsigte van werksgedrag en waardes). Alhoewel seksuele mishandeling geassosieer word met sekere van hierdie faktore, staan dié van pynlike onsamehorigheid verreweg uit. Slagoffers van seksuele mishandeling beleef hulself as 'anders', dat ander mense hulle nie verstaan nie en dat hulle nêrens tuishoort nie (Kruger: 2002; Lewis, 1994: 28).

### 5.8.19 INSOMNIA EN SLAAPSTOORNISSE

Insomnia is dikwels die gevolg van akute stres. Slagoffers vrees om te gaan slaap as gevolg van nagmerries, vrees vir die donker en die onbekende. Insomnia as gevolg van stres kan lei tot meer stres (Bass & Davis, 1997: 213). Slaapstoornisse en nagmerries is 'n algemene verskynsel onder slagoffers van seksuele mishandeling. Seksuele mishandeling vind gewoonlik in die donker gedurende die nag in die bed plaas. Dit is waarskynlik hoekom slaapstoornisse en nagmerries so gereeld voorkom, aangesien dit die tyd en plek is waar die slagoffer die kwesbaarste en bangste was (Dolan, 1991:15; Kruger, 2002; Lewis, 1994: 23).

### 5.8.20 INTIMITEIT

Feitlik alle studies maak melding van die seksuele probleme wat slagoffers van seksuele mishandeling later ervaar. Dit sluit die volgende in: terugflitse tydens gemeenskap, seksuele skuldgevoelens, seksuele angstigheid en 'n lae seksuele selfbeeld (Margolin,

1999: 94). Slagoffers vrees dikwels intimiteit en weet nie hoe om intimiteit te hanteer nie. Hulle voel onhandig om affek te wys en sal hulself eerder daarvan isoleer. Dit veroorsaak dat hulle baie keer eensaam en alleen voel (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 25). Mullen, Martin, Anderson, Romans en Herbison (1994: 35-37) wys daarop dat slagoffers van seksuele mishandeling meer geneig is om intimiteitsprobleme in hul latere lewe te openbaar.

### 5.8.21 KONTROLERING, PERFEKSIONISME, OBSESSIWITEIT EN AGTERDOGTIGHEID

Slagoffers van seksuele mishandeling probeer dikwels om in beheer van situasies te kom en dikwels wil dit dan lyk of hulle die situasies of mense probeer oorbeheer. Seksuele mishandeling verdraai slagoffers se begrip van situasies en daarom raak hulle dikwels obsessief oor mag. Alles en almal om hulle moet perfek wees. Dit skep veral probleme in hul interpersoonlike verhoudings. Slagoffers is dikwels ook baie agterdogtig en vertrou nie maklik ander mense nie (Kruger, 2002; Kubetin & Mallory, 2002: 153). Obsessiewe gedrag ten opsigte van persoonlike higiëne kom ook soms voor (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 24).

### 5.8.22 CHRONIESE KLAGTES, MOEGHEID EN LUSTELOOSHEID

Dit wil dikwels voorkom of slagoffers van seksuele mishandeling altyd 'n fisiese klagte het in dié sin dat hulle altyd iets makeer soos byvoorbeeld maagpyne, hoofpyne, moegheid, lusteloosheid, ensovoorts. Die een kwaal is nog nie opgelos nie, dan presenteer die volgende een reeds (Kruger, 2002).

### 5.8.23 LEUENAGTIGHEID EN MANIPULERING

Wanneer kinders aangesê word dat hulle nie oor die mishandeling mag praat nie, kry leuengedrag beslag in hul lewe. Volwasse slagoffers van seksuele mishandeling raak dikwels kompulsiewe leuenaars, waarvan die mishandeling die grootste leuen soms bly deurdat hulle nie daaroor praat nie (Bass en Davis, 1997: 50). Slagoffers manipuleer

dikwels ook ander mense ten einde hul sin te kry of in beheer te wees en sal nie skroom om 'n leuen te vertel ten einde dít te bereik nie (Human Resources Development in Asia and the Pacific, 2001: 1-2*; Kruger, 2002).

### 5.8.24 LIGGAAMSVOORKOMS

Wonderlich, *et al.* (2000: 1-12*) wys op die bevinding dat 'n verwronge liggaamsbeeld verband hou met seksuele mishandeling. Slagoffers is selde tevrede met hul liggame en sal soms 'n eetstoornis ontwikkel sodat hulle nie meer aantreklik vir oortreders kan wees nie. Myers (2001:1*) het bevind dat tot 40% pasiënte wat hy vir obesiteit behandel slagoffers van seksuele mishandeling is. Hulle is dikwels skaam vir hul eie liggaam en sal in ekstreme gevalle in die donker bad en aantrek (Kruger, 2002).

### 5.8.25 NEGATIEWE SELFSPRAAK, LAE SELFBEELD EN MINDERWAARDIGHEID

Slagoffers praat gewoonlik negatief met en oor hulleself. Hulle het dikwels 'n lae selfbeeld en voel minderwaardig teenoor ander mense en glo hulle verdien alles wat sleg is in die lewe (Kruger, 2002; Myers, 2001:1*).

### 5.8.26 NON-ASSERTIWITEIT, ONSEKERHEID EN NEEM ALLES PERSOONLIK

Slagoffers kan hulself dikwels nie laat geld in sekere situasies nie. Hulle is onseker oor hul optrede en is onseker oor wat van hulle verwag word. Hulle is geneig om aanmerkings persoonlik op te neem en sal dikwels nie gebeure ontleed of daaroor reflekteer om die ware toedrag van sake te bepaal nie. Hulle gló dat hulle die oorsaak van die probleem is en dat 'n spesifieke aanmerking teen hulle gemik is (Kruger, 2002).

### 5.8.27 ONVERMOË OM VRIENDSKAPPE TE VORM

Slagoffers is minder geneig om vriendskappe te vorm, omdat hulle in vrees leef dat ander mense die 'waarheid' oor hulle sal ontdek en dan minder goed van hulle sal dink. Vriendskappe word dikwels gekenmerk deur konflik en negatiwiteit (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 25). Mullen, *et al.* (1994: 35-47) wys ook daarop dat slagoffers van seksuele mishandeling meer geneig is om probleme te ondervind op sosiale en interpersoonlike vlak.

### 5.8.28 ONVERMOË TOT INTIEME VERHOUDINGS

Indien slagoffers hulself nie toelaat om intieme verhoudings met ander te hê nie, kan niemand hulle seermaak nie (Bass & Davis, 1997: 52). Slagoffers vermy dikwels intieme verhoudings omdat hulle nie oor die vaardighede beskik om die verhouding te bestuur nie. Hulle wantrou ook dikwels ander mense se intensies en glo dat ander mense eintlik net daarop uit is om hulle te misbruik. Intieme verhoudings bring in die meeste gevalle terugflitse van die gebeure en daarom word dit eerder vermy (Kruger, 2002). Slagoffers ervaar dikwels ook 'n intense haat teen mans (Smith, 2001: 148).

### 5.8.29 OORDEEL ALLES EN ALMAL

Slagoffers is geneig daartoe om baie krities te wees en alles en almal te beoordeel. Hulle ondervind dikwels probleme daarmee om te aanvaar dat ander mense vir hulle goed probeer wees (Kruger, 2002).

### 5.8.30 OORVERANTWOORDELIKHEID VERSUS ONVERANTWOORDELIKHEID

Hierdie twee teenpole word dikwels in die gedrag van slagoffers waargeneem. As slagoffer was die persoon verantwoordelik vir die oortreder se bevrediging. Dit mag daartoe lei dat die slagoffer oorverantwoordelik raak ten opsigte van ander mense se geluk en eise en die rol van 'n *pleaser* aanneem. As kind kon die slagoffer nie 'nee' sê nie

en so raak 'n patroon gevestig om ander mense ten alle koste tevrede te stel, selfs tot nadeel van die self (Bass & Davis, 1997: 231; Kruger, 2002). In teenstelling hiermee is daar ook slagoffers wat geen verantwoordelikheid vir hul eie lewe neem nie en 'n houding inneem van laat-maar-gaan as gevolg van hulpeloosheid (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 28).

## 5.8.31 POSTTRAUMATIESE STRESVERSTEURING (PTSV)

Die meeste slagoffers van seksuele mishandeling ly aan 'n chroniese toestand van posttraumatiese stresversteuring. PTSV ontstaan wanneer 'n persoon blootgestel was aan traumatiese gebeure, of die getuie daarvan was, of gekonfronteer was met 'n gebeurtenis of gebeurtenisse waar die persoon se lewe bedreig was of waar die persoon 'n ernstige besering kon opdoen. Die persoon se respons hierop behels intense vrees, hulpeloosheid of afgryse (American Psychiatric Association (DSM IV), 1994: 290-210). Die kriteria van PTSV behels die volgende:

**Herbelewing** sluit die volgende in: terugflitse – 'n gevoel dat die gebeure herleef word, illusies, hallusinasies of dissosiatiewe terugflits-episodes asook nagmerries wat hulle herinner aan die gebeure. Terugflitse is fragmente van die geheue wat enige tyd kan terugkeer en bevat gewoonlik nooit volledige visuele, kinestetiese en ouditiewe inhoude nie. Hierdie terugflitse word as bedreigend beleef (Dolan, 1991: 14; Kruger, 2002).

**Emosionele afgestomptheid** word gekenmerk daarin dat die persoon depressief lyk en nie meer aktiwiteite geniet soos voorheen nie. Slagoffers beleef intrusiewe denke wat hulle herinner aan die trauma en probeer dit vermy.

**Vermyding** sluit die volgende in: pogings om denke, gevoelens en gesprekke wat geassosieer word met die trauma te vermy; pogings om aktiwiteite, plekke of mense te vermy wat geassosieer word met die trauma en 'n onvermoë om belangrike aspekte van die trauma te herroep. PTSV manifesteer ook in 'n verhoogde hipersensitiwiteit, byvoorbeeld: probleme om aan die slaap te raak en aan die slaap te bly; geïrriteerdheid en woedeuitbarstings; konsentrasie-probleme; oordrewe waaksaamheid en 'n **verhoogde staat van gereedheid** - om heeltyd op hul hoede te wees en te wag vir iets om te gebeur. Die skrik-reaksie is dan erger as normaalweg (Lewis, 1994: 24). PTSV in

adolessente toon 'n ooreenkoms met dié van volwassenes. Adolessente met 'n geskiedenis van chroniese seksuele mishandeling toon 'n groter geneigdheid tot PTSV (Brand, King, Olson, Ghaziuddin & Naylor, 1996: 34-41) en openbaar in die algemeen meer impulsiewe en aggressiewe gedrag in teenstelling met kinders en volwassenes (Hamblin, 2002: 1-4*; Moore, 2002).

### 5.8.32 PROJEKSIE EN 'N ONVERMOË OM GEVOELENS TE IDENTIFISEER EN UIT TE DRUK

Slagoffers sal dikwels hul eie gevoelens op andere projekteer. Sodoende hoef hulle nie aanspreeklikheid vir hul eie gevoelens te aanvaar nie en hoef hulle dit ook nie te hanteer nie. Slagoffers ondervind dikwels probleme om 'n gevoel wat hulle ervaar, korrek oor te dra en kan dit dikwels nie verwoord nie. Hulle gevoelswoordeskat laat hulle dikwels in die steek (Kruger, 2002).

### 5.8.33 PROMISKUÏTEIT, SEKSVERSLAWING, GENEIGDHEID TOT HERHAALDE VIKTIMISERING, GEEN GRENSE, KEN NIE HUL PERSOONLIKE REGTE NIE

Slagoffers van seksuele mishandeling lewe dikwels 'n promiskue lewe en ervaar ook 'n onvermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd wanneer dit kom by besluite rondom die seksuele. Adolessente met 'n geskiedenis van seksuele mishandeling is ook meer geneig daartoe om hoërisiko seksgedrag te openbaar en hulself sodoende bloot te stel aan die risiko van HIV-infeksies (Brown, Lourie, Zlotnick & Cohn, 2000: 1413-1415; Kisiel & Lyons, 2001: 1034-1039). Die seksdrif is soms 'n bodemlose put wat net nie gevul kan word nie. Seks word ook dikwels gebruik as 'n vorm van erkenning. Hul selfwaarde is geleë in hul seksuele prestasies (Bryannan, 2001: 1-2*). Slagoffers rapporteer ook dat hulle 'n onvermoë het om 'nee' te sê en dat dit hul 'plig' is om toe te gee aan ander se seksuele eise. Dit lei tot herhalings van viktimisering. Hulle ondervind probleme om hul eie grense te trek en weet nie wat hul eie regte is nie. Verhoogde substansgebruik daarmee saam lei dikwels tot verhoogde vlakke van risiko seksgedrag (Kruger, 2002).

## 5.8.34 PSEUDO-VOLWASSENHEID

Slagoffers van seksuele mishandeling tree dikwels onvolwasse op en openbaar ontoereikende hanteringsvaardighede (Romans, Martin, Morris & Herbison, 1999: 1080-1085). Volgens Roux (Lombaard, 2002: 4) 'vries' 'n kind wat 'n slagoffer is van seksuele mishandeling se psigiese ontwikkeling meestal in die ontwikkelingstadium waarin hul dan verkeer. Dit het die implikasie dat die persoon as volwassene oënskynlik 'normaal' funksioneer, maar ontwikkelingsgewys by die traumatiese gebeure vasgehaak het. Hulle praat en tree met tye op soos iemand jonger as hul eie werklike ouderdom. Wanneer ander volwassenes dan ook teenoor húlle optree asof hulle jonger is as wat hulle werklik is, is die slagoffers ongelukkig daarmee, omdat hulle voel hulle word nog steeds nie erken vir wie hulle is nie (Kruger, 2002).

## 5.8.35 RASIONALISERING EN SELFBLAAM

Slagoffers rasionaliseer dikwels die gebeure oor hoekom en waarom dit met hulle gebeur het. Hulle kom feitlik altyd tot die slotsom dat hulle dit verdien het en dat hulle iets verkeerds gedoen het en dit dus eintlik verdien het. Selfblaam is algemeen onder slagoffers (Lewis, 1994: 27). Hulle glo dat hulle die daad ontlok het en dat hulle iets verkeerds gedoen het wat dit kon ontlok. Hulle voel dikwels dit is hulle wat vergifnis moet vra en dit moet ontvang (Kruger, 2002).

## 5.8.36 SELFMOORDNEIGINGS, SELFMUTILASIE EN SELFLIEFDE

'n Positiewe ooreenkoms tussen seksuele mishandeling, selfmoordgedrag en selfmutilasie bestaan (Kisiel & Lyons, 2001: 1034-1039). Wanneer die pyn van herinnering die oorhand kry, probeer slagoffers dikwels om selfmoord te pleeg (Bridgeland, 2001: 1-4*). Bryannan (2001: 1-2*) meld ook dat slagoffers dikwels 'n obsessie het met die dood en selfmoord. Slagoffers sal hulself soms fisies beseer deur hulself te kerf met 'n mes, hulself te brand met sigarette of hulself herhaaldelik deur ander metodes fisies skade aan te rig. Selfmutilasie bring verligting vir seer – iets wat slagoffers begeer. Dit word ook gebruik as 'n poging om in beheer te wees, as straf of 'n wyse waarop daar uiting gegee kan word aan woede (Bass & Davis, 1997: 219; Bell-Gadsby & Siegenberg, 1996: 86).

Murray (in Goodwin, 1993: 191) wys daarop dat selfmutilasie ook gebruik word as aandagsoekende gedrag ten einde isolasie teen te werk. Vir persone met emosionele en fisiese afstomping is dit 'n manier om weer 'lewe' te voel. Dit kan ook 'n manier wees waarop slagoffers dink dat hulle dan as 'n minder seksuele wese gereken word. Dit kan ook die manier wees waarop seksuele gevoelens gedemp word. Slagoffers sal dikwels sê dat hulle nie hulself liefhet nie en daarom probeer om hulself te vernietig (Kruger, 2002).

### 5.8.37 SELFSABOTERING

Geïnternaliseerde boodskappe, soos dat die persoon nie geluk verdien nie of niks beter in die lewe behoort te bereik nie, lei dikwels tot selfsabotering op beroeps- of sosiale vlak (Bass & Davis, 1997: 179). Slagoffers sal dikwels net voordat hulle iets groots kan bereik op beroepsvlak, 'n berekende onbesonne daad pleeg waarmee hulle alles waarvoor hul gewerk het, op die spel plaas en dit dan verloor. Dit bevestig dan vir die slagoffers dat geluk hulle nie toekom nie, terwyl hulle nie die aksie van selfsabotering daarin raaksien nie (Kruger, 2002).

### 5.8.38 SKAAMTE

Skaamte weerhou dikwels slagoffers om na vore te kom. Hulle voel ook dat hulle nie die familie in die verleentheid wil stel oor dit wat met hulle gebeur het nie (Stone, 2001:1-11*). Slagoffers vind dit ook moeilik om ander mense in die oë te kyk en is baie skaam oor dit wat met hulle gebeur het (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 26).

### 5.8.39 SKOLASTIESE PROBLEME, SWAK KONSENTRASIE EN KOMPULSIEWE DENKE

Slagoffers rapporteer dikwels dat hul punte op skool versleg het as gevolg van swak konsentrasie ná seksuele mishandeling (Dolan, 1991: 5). Kompulsiewe denke rondom die insident, waaroor hulle nie beheer kan neem nie, oorheers dikwels hul lewe (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 26).

### 5.8.40 SKULDGEVOELENS

Ontoepaslike skuldgevoelens kom dikwels voor. Slagoffers voel dat hulle iets verkeerd gedoen het en dat hulle dit verdien, omdat hulle seksuele mishandeling ontlok het (Brewster in Kilbourn & McDermid, 1998: 152: Dolan 1991: 5; Lewis, 1994: 27).

### 5.8.41 SUBSTANSAFHANKLIKHEID

Afhanklikheid is 'n vorm van ontvlugting, om verligting te vind, om kontrole te herwin en om beter te voel. Afhanklikheid vernietig ook die liggaam en onderdruk die persoon se gevoelens, vernietig die self en beïnvloed verhoudings negatief (Bass & Davis, 1997: 216; Kruger, 2002). Adolessente wat by name alkohol misbruik of 'n afhanklikheid getoon het vir alkohol se kanse was 18 tot 21 keer groter om slagoffers van seksuele mishandeling te word, aangesien hulle onder bedwelming minder weerstand kon bied teen seksuele mishandeling (Clark, Lesnick & Hegedus, 1997: 1744-1751).

### 5.8.42 ONDERSKEIDINGSVERMOË EN SOEKE NA ERKENNING

Slagoffers sukkel dikwels om te onderskei tussen die reg en verkeerd van 'n saak. Hul oordeel laat hulle dikwels in die steek oor gesonde maniere van interaksie en omdat hulle 'n oordrewe behoefte aan erkenning deur ander mense het, sal hulle die grense van ander mense dikwels misken sonder dat hulle dit self besef (Kruger, 2002).

### 5.8.43 GEVOELENS VAN VERLIES

Slagoffers ervaar verlies. Dikwels kan hulle nie presies sê wat dit is nie, maar hulle getuig van 'n leegheid en intense hartseer oor die verlies aan hul eie waardigheid en beheer van hul eie lewe (Kruger, 2002; Lewis, 1994: 28). Slagoffers getuig ook van 'n spel wat hulle speel met hul maats om hulle te toets deur te kyk op watter stadium in die verhouding hul maat die verhouding gaan beëindig. Dit is dan weereens verlies en so bly hulle glo dat hulle nie op geluk geregtig is nie (Dolan, 1991: 187). Die meeste slagoffers ervaar 'n

verlies in dié sin dat hulle hulself sien as die produk van *damaged goods* (Kilbourn & McDermid, 1998: 148-150).

### 5.8.44 VRESE

Slagoffers leef dikwels met baie vrese saam – vrese vir verwerping, verandering, konfrontasie, gevoelens, geluk en liefde. Hulle vrees verwerping deur ander mense en sal daarom uit hul pad gaan om andere te plesier – al druis dit ook in teen hul beginsels. Hulle ondervind probleme om grense te stel in hul verhoudings, vanweë die feit dat húlle grense nie tydens hul kinderjare eerbiedig is nie. Hulle vrees toevertrouing aan ander mense, want dit mag beteken iemand naby aan hulself mag hulle weer misbruik en dat iemand wat betekenisvol is, die slagoffer weer kan teleurstel. Só kan geluk en liefde hulle telkens bly ontwyk. Slagoffers vrees dikwels verandering, omdat hulle dan voel hulle is nie meer in beheer van 'n situasie nie en dit laat hulle onveilig voel (Bass & Davis, 1997: 134-135, 139-140, 175, 205-206, 230; Kruger, 2002; Lewis, 1994: 28).

### 5.8.45 VREES VIR DONKER

Seksuele mishandeling is meestal 'n (mis)daad van die nag. Slagoffers is dikwels intens bang vir die donker en raak angstig en paniekerig wanneer die ligte afgeskakel word (Kruger, 2002).

### 5.8.46 VERTROUE VERSUS WANTROUE

Slagoffers vind dit meestal moeilik om ander mense te vertrou (Brewster in Kilbourn & McDermid, 1998: 155). Slagoffers leer tydens seksuele mishandeling dat hulle op niemand kan vertrou, behalwe hulself nie – nog te meer wanneer dié mense wat hulle moes beskerm, gewéét het van die mishandeling en niks daaraan gedoen het nie of die kind afgemaak het as 'n leuenaar (Vermeulen, 2001:5). Dikwels raak hulle ook teleurgesteld in hulself nadat hulle besluit het dat die oortreder nie weer die geleentheid sou kry om hulle te misbruik nie en dit dan anders uitwerk. Dit lei dikwels tot 'n besluit dat hulle ook nie hulself kan vertrou nie (Kruger, 2002).

### 5.8.47 WERKOLISME

Slagoffers probeer dikwels aan die werklikheid ontsnap deur besig te wees. Wanneer hulle ontspan, kry hulle kans om te dink. Die boodskap wat hulle dan aan hulself gee, is: bly besig! Hierdie sirkelgang word later moeilik gebreek. Hulle het soms 'n oorweldigende drang om sukses te behaal ten einde te vergoed vir die 'sleg' wat hulle binne-in voel. 'n Onblusbare behoefte aan prestasie word ook gerapporteer. 'n Area wat hulle kan beheer, is hul inset op werksgebied (Bass & Davis, 1997: 51; Kruger, 2002).

### 5.8.48 WOEDE

'n Onafwendbare neweproduk van fisiese pyn en vrees is woede (Kilbourn & McDermid, 1998: 154-155). Woede is egter ook 'n belangrike komponent vir heling (Lewis, 1994: 27). Woede is 'n destruktiewe emosie wat dikwels gevoelens van hartseer, pyn en verlies maskeer. Dit kan ook gebruik word as 'n verdediging teen weerloosheid. Woede is ook dikwels 'n reaksie teen die ouer wat die kind nie beskerm het nie. Woede kan **na buite** gekeer word en dan word al die mense rondom hulle beskuldig vir dit wat hulle self dikwels veroorsaak in hul eie lewe (byvoorbeeld tydens selfsabotering) òf woede kan **inwaarts** gekeer word en die persoon se selfblaam vergroot. Inwaartse woede presenteer dikwels as depressie. Woede lei egter tot emosionele verwoesting (Kruger, 2002; Kubetin & Mallory, 2002: 119; Margolin, 1999: 75-76).

Uit bogenoemde kan die volgende moontlike kontrolelys (Tabel 5.4) opgestel word wat gebruik kan word vir die identifisering van simptome van seksuele mishandeling. Wanneer slagoffers van seksuele mishandeling vir terapie aanmeld, is dit 'n baie komplekse verhaal met 'n warboel van simptome. Hierdie kontrolelys is bruikbaar ten einde die terapeut te help en te rig in besluitneming oor terapie. Dit kan maklik gebeur dat terapeute wat vanuit die narratiewe terapie-benadering werk, die mediese simptome kan miskyk omdat daar gefokus word op 'die probleem is die probleem'. Die mediese simptome vereis feitlik altyd 'n mediese ingreep saam met terapie – dit moet baie goed aan die kliënt gekommunikeer en verduidelik word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Tabel 5.4** Kontrolelys vir die gebruik van terapeute

| KONTROLELYS VIR DIE GEBRUIK VAN TERAPEUTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **GEDRAGSIMPTOME** | | **PSIGOLOGIESE SIMPTOME** | | **MEDIESE SIMPTOME** | |
| Aannames | | Afgestomptheid | | Depressie | |
| Aggressie | | Afhanklikheid | | Neerslagtigheid | |
| Bedekking | | Distansiëring | | Dissosiasie | |
| Dobbelary | | Gevoel van boosheid | | Eetstoornisse | |
| Ekstremiteit | | Homoseksuele neigings | | Gastro-intestinale probleme | |
| Geheimsinnigheid | | Probleme met intieme verhoudings | | Ginekologiese probleme | |
| Geseksualiseerde interpersoonlike verhoudings | | Liggaamstoornisse | | Insomnia | |
| Godsdienstigheid | | Negatiewe selfspraak | | PTSV | |
| Inperking | | Non-assertiwiteit | | Selfmoordneigings | |
| Kontrolering, perfeksionisme, agterdogtigheid | | Probleme met vriendskappe | | Slaapstoornisse | |
| Chroniese klagtes, moegheid | | Leuenagtigheid / Manipulering | | Substansafhanklikheid | |
| Promiskuïteit, seksverslawing | | Oordeel alles en almal | | Vrese / Bang | |
| Skaamte | | Oorverantwoordelikheid en onverantwoordelikheid | | Woede | |
| Skolastiese probleme | | Projeksie | | | |
| Swak konsentrasie | | Pseudo-volwassenheid | | | |
| Werkolisme | | Rasionalisering en selfblaam | | | |
| Blameer ander | | Selfsabotering | | | |
| | | Skuldgevoelens | | | |
| | | Gebrekkige onderskeidingsvermoë | | | |
| | | Té akkommoderend | | | |
| | | Identiteitsverwarring | | | |
| | | Verlies | | | |
| | | Verduisterde toekomsperspektief | | | |
| | | Vrees vir donker | | | |
| | | Wantroue | | | |

## 5.9 SAMEVATTING EN REFLEKSIE

Die impak van seksuele mishandeling hét verreikende gevolge. Geen slagoffer se lewe word nié geraak nié. Die graadverskille waarin 'n slagoffer se lewe geraak word, varieer wel van 'n volgende slagoffer s'n.

Vroeë identifikasie en terapeutiese ingrype is onontbeerlik in die vermindering van die impak op die lewe van adolessente en om toepaslike psigologiese ontwikkeling en gesonde volwasse funksionering te bevorder. So lank soos die geheim in stand gehou word, so lank sal vrees, lyding en psigologiese ongemak deel wees van die lewe van die slagoffer. Vroeë identifikasie en terapeutiese ingrype kan ook die volgende verhoed:

- seksueel mishandelde kinders staan 'n groter kans om jeugoortreders te word;
- 70% vaders wat hul kinders onsedelik aanrand of molesteer, is self seksueel mishandel as kind;
- 61% tienerma's was as kinders seksueel mishandel; en
- twee derdes van kinders wat wegloop, word tuis seksueel mishandel (Child Abuse Information, 2002:1*).

Die navorser het veral onder die indruk gekom dat slagoffers van seksuele mishandeling dikwels meer as een terapeut oor die probleem van seksuele mishandeling raadpleeg. Die slagoffers voer aan dat hulle nog steeds op soek is na antwoorde. Ten tyde van hierdie hoofstuk het die navorser 'n pasiënt in die psigiatriese afdeling van 'n hospitaal gespreek – ses-en-dertig jaar ná die dade van seksuele mishandeling! Die seksuele mishandeling is lankal beëindig, maar die verwoestende effek daarvan op haar lewe het nog nie opgehou nie. Sy vertel dat sy vyftien jaar gelede reeds begin hulp soek het vir 'iets' wat haar lewe verwoes en waaroor sy nog altyd geswyg het. 'n Lewe gevul met alkoholisme, talle pogings van selfmutilasie en 'n lewe gekenmerk deur pseudo-volwassenheid is haar storie. Verskeie sielkundiges, terapeute en bevryders het al raad en leiding probeer gee – daar is vir haar gebid en duiwels is al uitgedryf, maar sy is nog steeds die seksueel mishandelde. Op 'n vraag van die navorser wat seksuele mishandeling haar oor haarself geleer het, het sy geantwoord dat sy nog nooit só daaroor gedink het nie. Op die vraag of sy iemand ken wat dieselfde pad van seksuele mishandeling geloop het en die stryd daarteen kon wen, het sy ontkennend geantwoord. Op die vraag of sy dink dat dit haar sou help as sy tot kennis kon kom dat ander mense die gevolge van seksuele

mishandeling agter hulle kon plaas, het sy geantwoord dat sy nie dink sulke mense bestaan nie. Dit het die navorser opnuut laat besef dat terapeute nie aan kliënte kan raadgee nie, maar fasiliteerders moet wees in 'n proses waar die slagoffer self die antwoord(e) kan vind en waartydens hulle hul eie sterkte kan ontdek. Alhoewel die slagoffers nie verantwoordelik is en gehou kan word vir die oortreding nie, **is** die slagoffers verantwoordelik vir hul eie genesing. Eers wanneer die kliënte dít ontdek, is hulle werklik gehelp. Indien bogenoemde pasiënt tydens of net na adolessensie deur die proses van eksternalisering seksuele mishandeling in haar lewe kon skei van haarself en dit kon integreer as 'n deel van haar lewe, sou haar lewe waarskynlik baie anders verloop het, omdat sy tot 'n eie, ware identiteit sou kon kom. Sy sou dan nie nodig gehad het om die rol van die seksueel mishandelde in haar lewe in stand te hou nie, maar kon die rol van die *survivor* gekies het.

In hoofstuk 6 sal daar aan die hand van vyf gevalle saam met adolessente slagoffers van seksuele mishandeling nuwe identiteite ontgin word deur te kyk na sterktes wat reeds in hul lewens bestaan of sterktes wat gebore is uit die daad van seksuele mishandeling. Daar sal ook gefokus word op die stories van ander slagoffers wat as *survivors* kon seëvier en hoe hulle kan dien as rolmodelle vir ander slagoffers as persone met wie daar geïdentifiseer kan word.